higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 4

9 Maart 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	D		
	1.1.2	D		
	1.1.3	C		
	1.1.4	D		
	1.1.5	A		
	1.1.6	B		
	1.1.7	D		
	1.1.8	B		
	1.1.9	C		
	1.1.10	C		
			(10 × 1)	(10)

1.2	1.2.1	Onwaar		
	1.2.2	Waar		
	1.2.3	Waar		
	1.2.4	Onwaar		
	1.2.5	Onwaar		
	1.2.6	Onwaar		
	1.2.7	Waar		
	1.2.8	Onwaar		
	1.2.9	Waar		
	1.2.10	Onwaar		
			(10 × 1)	(10)

1.3	1.3.1	L		
	1.3.2	H		
	1.3.3	E		
	1.3.4	I		
	1.3.5	J		
	1.3.6	A		
	1.3.7	B		
	1.3.8	F		
	1.3.9	K		
	1.3.10	C		
			(10 × 1)	(10)
				[30]

VRAAG 2

2.1
- 'n Toename in die aantal voornemende kopers
- 'n Toename in die inkomste van verbruikers
- Voorkeure van voornemende kopers
- 'n Toename in die prys van vervangingsprodukte
- 'n Daling in die prys van komplementêre produkte (Enige 2 × 1) (2)

2.2 20 – 60 = -40✓✓

Dit is 'n tekort omdat die hoeveelheid wat voorsien is minder is as die hoeveelheid wat aangevra is.✓ OF Die hoeveelheid wat aangevra is, is meer as die hoeveelheid wat voorsien is. (3)

2.3 $\mathcal{E}_s = \frac{\%\Delta Q_s}{\%\Delta P}$ ✓ OF $\frac{\text{Persentasieverandering in hoeveelheid voorsien}}{\text{Persentasieverandering in prys}}$

$= \frac{40 - 20}{40} \times \frac{100}{1} \div \frac{R8 - R4}{R8} \times \frac{100}{1}$✓
$= 20/40 \times 100 \div R4/R8 \times 100$✓
$= 0.5 \times 100 \div 0.5 \times 100$✓
$= \underline{\mathbf{1}}$✓ (5)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1
- Absa Bank
- Standard Bank
- Eerste Nasionale Bank
- Nedbank (Enige ander relevante antwoord) (4)

3.2
- Geld as 'n ruilmedium:✓ Gebruik as betaling vir goedere en dienste.✓
- Geld as 'n standaard van uitgestelde betaling:✓ Gebruik om skuld te vereffen.✓
- Geld as rekenkundige eenheid of meting van waarde:✓ Gebruik om pryse van goedere te vergelyk.✓
- Geld as 'n stoorplek van waarde:✓ Duursaam en kan weer en weer gebruik word.✓ (6)

3.3 3.3.1 Monetêre beleid verwys na veranderings wat deur 'n sentrale bank gemaak is om die geldvoorraad✓ en rentekoers te bestuur,✓ en om makro-ekonomiese doelwitte te bereik,✓soos inflasie, verbruik, groei en likiditeit.✓ (4)

3.3.2
- Indien die reserwebank die geldvoorraad in die ekonomie wil vermeerder, koop dit skatkiswissels of staatsekuriteite by 'n makelaar of kommersiële bank.✓✓
- Die reserwebank ontvang 'n skatkiswissel.✓✓
- Die eienaar van die skatkiswissel ontvang geld van die reserwebank.✓✓
- Die individu deponeer die geld by die kommersiële bank.✓✓
- Daar is meer geld in die kommersiële bank om uit te leen en nog krediet te skep.
- Daar is dus meer geld in die ekonomie.

(Enige ander relevante antwoord) (8)

3.3.3
- Akkommodasiebeleid is die meganisme wat deur die sentrale bank gebruik word om geld aan kommersiële banke te leen.✓✓
- Dit word deur terugkoopooreenkomste tussen die sentrale bank en die kommersiële banke gedoen.✓✓
- Kommersiële banke verkoop finansiële instrumente soos skatkiswissels, reserwebankskuldbriewe en staatseffekte aan die SARB. ✓✓
- Die terugkoopooreenkoms hou vir sewe dae.✓✓
- Die kommersiële bank sal sy skatkiswissel binne sewe dae van die SARB terugkoop.✓✓
- Wanneer die kommersiële bank sy skatkiswissel aan die SARB verkoop, is daar meer geld beskikbaar om uit te leen en nog krediet te skep.
- Die kommersiële bank sal die bedrag betaal wat hulle geleen het en die rentekoers word die terugkoopkoers genoem.

(Enige ander relevante antwoord) (8)

3.4
- Huishoudings se besteebare inkomste neem af.
- Minder geld beskikbaar vir verbruikers om goedere en dienste te koop.
- Verbruiksuitgawes verminder.
- Produksie van goedere en dienste neem af.
- Firmas stel sommige van hulle werkers uit diens.
- Werkloosheid neem toe.
- Ekonomiese groei verminder. (Enige relevante 5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Werkloosheid: Die aantal mense wat kan werk en aktief vir werk soek, maar wat nie werk nie.

4.1.2 Arbeidsbeleid: Sit uiteen wat billik is en wat nie billik is nie vir werkgewers en werknemers in die arbeidsmark.

4.1.3 Ekonomiese groei: 'n Toename in die reële bruto binnelandse produk.

(3 × 3) (9)

4.2
- Huishoudings
- Staat
- Firmas
- Finansiële instellings
- Buitelandse sektor (5)

4.3
- Lopende uitgawes: Die besteding deur die staat✓ aan sy werknemers se lone en salarisse, en alle bedryfsitems.✓
- Kapitaaluitgawes: Al die geld wat die staat✓ aan infrastruktuur soos paaie, geboue en lughawens bestee.✓ (2 × 2) (4)

4.4
- Lewensverwagtingsindeks:✓ Meet die waarskynlikheid om 'n lang en gesonde lewe te kan hê.✓✓
- BBP Per Capita Indeks:✓ Meet mense se vermoë om 'n goeie lewenstandaard te kan bekostig.✓✓
- Opvoedingsindeks:✓ Meet mense se vermoë om in hul gemeenskap te kan kommunikeer en deel te neem.✓✓ (9)

4.5 United Nations Development Plan (1)

4.6 Private firmas voorsien private goedere✓✓ terwyl die staat openbare goedere voorsien.✓✓ (4)

4.7
- LED en plaaslike deelname aan die ekonomie
- LED demokratiseer alle vlakke van die samelewing
- LED trek belegging in die plaaslike ekonomie aan
- LED werk vir sosiale en ekonomiese ekwiteit en gelykheid (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 5

5.1 Doeane-unie: 'n Ooreenkoms tussen lande✓om alle handelsversperrings tussen hulle te verwyder. ✓ (2)

5.2
- Skep 'n instaatstellingsomgewing
- Stel geskikte grond beskikbaar
- Verseker die persoonlike veiligheid van werkers en alle ander belanghebbers
- Verseker die veiligheid van kapitaaltoerusting (Enige 3 × 2) (6)

5.3
- Vooruitbetaling
- Oop rekening
- Faktorering
- Skuldbrief (4)

5.4
- Invoerfaktor
- Uitvoerfaktor
- Invoerder
- Uitvoerder (4)

5.5 5.5.1
- Vir 'n nuwe kliënt wie se manier van handeldryf en betaling nuut is vir die uitvoerder.
- Vir 'n kliënt wat gewillig is om vir 'n skuldbrief aansoek te doen.
- Vir 'n kliënt wie se land nie faktoreringsooreenkomste aangaan nie.

5.5.2
- Vir gereelde kliënte met wie die uitvoerder dikwels sake doen.
- Vir goeie kliënte wat dalk van iemand anders sal invoer as hulle nie op 'n oop rekening kan betaal nie.

(2 × 2) (4)

5.6
- Om grondstowwe te beskerm
- Om internasionale ooreenkomste en wette na te kom
- Om buitelandse valuta te beheer
- Om die groei van plaaslike ondernemings aan te moedig
- Om nasionale bates te beskerm (5 × 2) (10)

5.7
- Effektiewe benutting van skaars plaaslike bronne.
  Die IDP stel munisipaliteite in staat om hul beskikbare bronne die doeltreffendste te benut deur op die vernaamste plaaslike gemeenskappe te fokus.
- Help om lewering te bespoedig.
  Die IDP stel munisipaliteite in staat om die armste areas met die minste dienslewering te identifiseer sodat munisipaliteitsfondse daar bestee kan word.
- Help om bykomende fondse aan te trek.
  Openbare en private sektore is gewillig om munisipaliteite se LED-aktiwiteite met duidelike ontwikkelingsplanne te befonds.
  Versterk demokrasie en help om die nalatenskap van apartheid te oorkom.
  Die IDP verseker dat besluite, deur die deelname van alle belangrike belanghebbers, op 'n demokratiese en deursigtige manier geneem word.
- Bevorder koördinasie tussen nasionale, provinsiale en plaaslike regering.
  Drie vlakke van regering werk saam om die ontwikkelingsbehoeftes in 'n plaaslike area aan te spreek. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 R13,71 × $\frac{0,6}{100}$✓ = 0,08✓
= R13,71 – R0,08✓
= R13,63✓
Dus is die nuwe wisselkoers $1 = R13,63✓ (5)

6.1.2 R13,71 × $\frac{0,3}{100}$ = 0,04✓
= R13,71 + R0,04✓
= R13,75✓
Dus is die nuwe wisselkoers $1 = R13,75✓ (5)

6.1.3 Die basisgeldeenheid is die een eenheid van 'n geldeenheid wat met die termyngeldeenheid gekoop moet word.✓✓ Die termyngeldeenheid vertel ons hoeveel eenhede van 'n termyngeldeenheid nodig is om een eenheid van 'n basisgeldeenheid te koop.✓✓ (4)

6.2
- Moet 'n goeie kredietrekord by 'n bank hê
- Moet 'n goeie kredietrisiko handhaaf
- Moet nie die kredietperk oorskry nie
- Moet met die uitvoerfaktor kommunikeer en nie met 'n uitvoerder nie
- Betalings moet op ooreengekome datums gemaak word
- Administrasiekoste moet aan die invoerfaktor betaal word (6)

6.3 6.3.1 Jen

6.3.2 Roepee

(2 × 1) (2)

6.4
- Die kredietwaardigheid van hul kliënte nagaan.
- Die kredietwaardigheid van die kliënt se kliënte nagaan voor 'n faktuur gefaktoreer word.
- Die faktuur wat gefaktoreer moet word baie deeglik nagaan.
- Die kliënt se besigheidsrekords gereeld nagaan.
- Inligting oor 'n kliënt, 'n land of 'n faktoreringsmaatskappy op die internet soek. (Enige 4 × 1) (4)

6.5
- Kitstoegang tot 'n korrespondentenetwerk in meer as 60 lande. Opleidingsgeleenthede vir bestuur en personeel.
- Gestandaardiseerde prosedures van 'n moderne kommunikasiestelsel.
- Arbitrasiedienste in geval van konflikte met korrespondente.
- Die geleentheid vir persoonlike kontak met die wêreldwye faktoreringsbedryf by gereelde FCI-vergaderings. (Enige 5 × 2) (10)

6.6
- Geleentheid om verkope te laat styg
- Geleentheid om aan groter kliënte te voorsien
- Geleentheid om nuwe handelskontrakte te sluit (Enige 2 × 2) (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou